

16 Augustus

Skrifgedeelte: 2 Korintiers 12:1-11
Fokusgedeelte: Matteus:5:3

Geseënd is die afhanklikes

Dit is seker die heel moeilikste ding om te erken dat jy afhanklik van iemand is. Help my, asseblief! Ek kan my nie self help nie. Selfs Paulus moes dit leer. Deur die doring in die vlees (wat dit ook al was) word hy gedwing om elke oggend weer te vra dat die Here vir hom sal genade gee. Hy moet erken dat dit nie hy is wat doen wat hy doen nie, maar die Here wat in en deur hom werk. Voordat 'n mens by hierdie punt kom, kan jy nie werklik gelukkig wees nie.

Ek weet dit klink vreemd om hierdie stelling te maak in 'n wêreld waar die sterkste oorwin en almal streef na onafhanklikheid. Tog is dit 'n heerlike, bevrydende ontdekking om te maak. Ek leef uit die genade van die Here alleen. Ek hoef nie meer alles self te beheer en te beplan en uit te voer nie. Ek kán in alle geval nie. Ek kan dus netsowel ophou om die onmoontlike te probeer doen.

Die Here belowe dat die koninkryk van die hemele aan die afhanklikes behoort. Hulle weet dat hulle Here die Koning van alle konings is. Hulle weet dat Hy oor hulle en die hele wêreld regeer. Hulle weet dat, al stort die wêreldse magte ineen, hulle Koning vir altyd heers. Leef met die wete dat jy totaal van die Here afhanklik is. Soek jou krag in Hom, want as jy swak is, is jy sterk.

Sing: Skrifberyming 16-1:1, 2

Ds. Fanie Coetzee (Potchefstroom-Noord)